

Zithulele Mbatsha, bestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging se produksie-adviseurs, wat kommunale boere in die Oos-Kaapse platteland help om hul inkomste uit wolboerdery te verhoog.



# Goeie hupstoot vir wolkwekers

## Hulle boer nou vooruit danksy hulp met infrastruktuur

**Antoinette Slabbert**

Die persentasie kinders van kommunale skaapboere in die Oos-Kaapse platteland wat oor 'n tydperk van 11 jaar honger gaan slaap het, het van 41% tot 24% verminder, danksy die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) se ondersteuning aan dié boere. Navorsing aan die Rhodes-Universiteit het ook getoon dat die huishoudings se spaargeld byna verdubbel het, en die persentasie mense wat geld leen vir skooltariewe het van 77% tot 48% verminder.

Dit is onder meer bereik deur vir 350 groepe boere infrastruktuur te bou vir die skeer, dip, klas en verpak van wol en deur die genetika van die kuddes te verbeter.

Volgens Leon de Beer, hoofbestuurder van die NWKV, is daar sowat 4 miljoen skape in besit van kommunale boere in die voormalige Transkei en Ciskei. Hulle lewer sowat 8 miljoen kilogram wol per jaar, wat tot 13% van die nasionale skeersel uitmaak.

Hulle boer op klein skaal en individuele boere se skeersels is te min om 'n baal, wat 150 kg wol verg, te lewer. Dit beteken dat hulle nie toegang het tot die formele wolmark nie en dat hulle wol informeel moet verkoop. Die kopers betaal gemiddeld

R10/kg daarvoor totdat hulle genoeg het vir 'n baal wat op die formele mark verkoop word teen gemiddeld R70,75/kg, sê hy.

Die NKWV het toe begin om die kommunale boere in groepe te organiseer met sowat 2 000 skape per groep. Dit stel hulle in staat om saam te skeer, klas en verpak. Daar is sowat 1 400 sulke groepe met tot 40 000 individuele produsente, sê De Beer.

Met finansiering van verskillende bronne soos die provinsiale of plaaslike regering of selfs private instansies, rig die NKWV dan infrastruktuur op vir die groepe.

Dit bestaan uit skeerhuise van sowat 132 m<sup>2</sup>, gebou uit boublokke met 'n dak en met fasiliteite vir die skeer, dip en hantering van die skape. Daar is nou al 350 sulke skeerhuise opgerig.

Die produsente kry toegang tot NWKV se 13 kursusse in onderwerpe soos skeer en klas van wol en dierevoeding en -gesondheid. Produksie-adviseurs verskaf mentorskap. NWKV help die groep om wolmakelaars te ontmoet sodat hulle kan kies deur wie hulle hul wol op die mark in Port Elizabeth wil bemark.

Die NWKV het ook 'n genetiese verbeteringsprojek aangepak waardeur sowat 3 000 ramme in die gemeenskappe geplaas word. Daarvoor kontrakteer die NWKV kommersiële telers in dieselfde omgewing waar die ramme geplaas gaan word, sodat die diere

maklik aanpas. Die gemeenskap neem vrywillig deel en vervang van hul eie ramme met dié wat spesiaal geteel is. Die ram wat uit die kudde gehaal word, word geslag vir 'n bykomende inkomste. Daar is sedert die begin van die projek in 2002 50 000 ramme geplaas. Die mikpunt is 80 000.

Die genetiese verbeteringsprojek is sedert

2010 deur die departement van landelike ontwikkeling en grond-sake gefinansier. In die vorige boekjaar het dit R12,4 miljoen beloop. Die departement het nog nie gereageer op versoeke vir verdere finansiering nie, sê De Beer. Die departement het ook nie op Rapport se navrae gereageer nie.

De Beer sê dis kommerwekkend, want dit neem 18 maande om 'n ram te teel. Onsekerheid oor die finansiering kan lei tot 'n onderbreking in die program.

Die hoeveelheid wol wat kommunale boere deur die formele mark bemark, het van 535 911 kg in 2002 tot 5,4 miljoen kg verlede

jaar toegeneem. Hul inkomste het dienooreenkomstig gestyg van R6,9 miljoen tot R383 miljoen. NWKV raam die potensiële inkomste op R700 miljoen.

Lawrence Maduna, voorsitter van die Oos-Kaapse vereniging van kommunale boere, sê danksy die genetiese verbeteringsprojek het die boere se inkomste per capita verbeter, wat gelei het tot beter lewensgehalte vir gemeenskappe.

“In die verlede kon weduwees en ander in die gebiede dit nie bekostig om hul kinders universiteit toe te stuur nie. Nou kan hulle.”



In die verlede kon weduwees en ander dit nie bekostig om hul kinders universiteit toe te stuur nie. Nou kan hulle.